

30 November

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:11

Wees jy 'n voorbeeld vir ander

Ons moet nooit vergeet dat ander mense elke dag kyk hoe ons lewe nie. Ons kinders kyk na ons. Ons vriende kyk na ons. Ons medegelowiges kyk na ons. Daarom moet ons altyd sorg dat ons vir ander 'n voorbeeld sal wees met ons woorde en gedrag.

Dit was 'n baie belangrike saak vir Christus, daarom het Hy vir sy dissipels gesê as een van hulle die oorsaak is dat 'n ander gelowige struikel, "so 'n mens eerder met 'n groot klip aan die nek in die see gegooi word as dat hy vir een van hierdie kleintjies 'n struikelblok word" (Luk. 17:2).

Die vraag is: Hoe kan 'n mens dit regkry om altyd 'n voorbeeld vir ander te wees in woord en gedrag? In vers 7 sê Paulus aan Timoteus: "Oefen jou om in toewyding van God te lewe." 'n Mens moet oefen om die Woord van die Here in jou lewe uit te leef. Maak dit 'n gewoonte om gereeld die Bybel te lees en bestudeer. Maak dit 'n gewoonte om gereeld kerk toe te gaan. Maak dit 'n gewoonte om die Here met al jou probleme te vertrou. Maak dit 'n gewoonte om die Here se opdragte in sy Woord uit te voer. Maak dit 'n gewoonte om die tien gebooe altyd uit te leef.

So sal jy altyd 'n navolgenswaardige voorbeeld wees vir jou medegelowiges. Jou woorde en gedrag sal altyd vir ander 'n inspirasie wees. Jy sal bekend staan as iemand wat nie net sê dat hy op die Here vertrou nie. Nee, almal sal dit in jou woorde en dade kan sien. So sal jou voorbeeld baie mense beïndruk en sal ander jou dit kan navolg. Nog belangriker, so sal ander aangemoedig word om ook hulle geloof elke dag uit te leef.

Sing: Psalm 25:2 (Totius)

Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)